# VEILING REËLS

Die veiling sal gehou word op **Woensdag, 15 Oktober 2025** te **Gedeelte 8 (‘n Gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Wildehoenderkraal 296, Registrasie Afdeling H.O, Provinsie Noordwes** om **11:00**

Die Afslaer is **Martin Pretorius** van Van’s Afslaers te Gemsbokstraat 36, Koedoespoort Industrieel, Pretoria.

Die veiling sal onder beheer van die Afslaer staan, wie die alleenreg sal hê om die verloop van aanbiedinge te reguleer. Ons verkoop per stygendebod in Suid Afrikaanse Rand.

Van’s Afslaers verkoop saam met die Balju, in opdrag van die

**DIE GROND-EN LANDBOU-ONTWIKKELINGSBANK VAN SUID-AFRIKA (DIE EKSEKUSIE KREDITEUR) – INGEVOLGE `N HOFBEVEL ONDER SAAKNOMMER: M549/2022, GEDATEER 8 DESEMBER 2022**

Om per openbare veiling die eiendom te verkoop bekend as:

**GEDEELTE 6, 7 EN 8 (‘n GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS WILDEHOENDERKRAAL 296, REGISTRASIE AFDELING H.O, PROVINSIE NOORDWES**

Grootte**: 183,3692 ha, 358,3516 ha & 422,4459 ha**

**EN**

**GEDEELTE 4 & 5 VAN DIE PLAAS UITKYK 342, REGISTRASIE AFDELING H.O, PROVINSIE NOORDWES**

Grootte**: 230,6683 ha & 37,1649 ha**
gehou kragtens Titelaktenommer: **T43161/1980**

**EN**

**GEDEELTE 12 (‘n GEDEELTE VAN GEDEELTE 8) VAN DIE PLAAS PANFONTEIN 270, REGISTRASIE AFDELING H.O, PROVINSIE NOORDWES**

Grootte**: 282,6556 ha**
gehou kragtens Titelaktenommer: **T110749/2000**

**EN**

**GEREGISTREERDE WATERGEBRUIK MET REGISTRASIE SERTIFIKAAT NOMMER: 25021636 OP GEDEELTE 6 (‘n GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS WILDEHOENDERKRAAL 296, REGISTRASIE AFDELING H.O, PROVINSIE NOORDWES**

**EN**

**GEREGISTREERDE WATERGEBRUIK MET REGISTRASIE SERTIFIKAAT NOMMER: 25009534 OP GEDEELTE 7 (‘n GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS WILDEHOENDERKRAAL 296, REGISTRASIE AFDELING H.O, PROVINSIE NOORDWES**

**EN**

**GEREGISTREERDE WATERGEBRUIK MET REGISTRASIE SERTIFIKAAT NOMMER: 25009348 OP GEDEELTE 8 (‘n GEDEELTE VAN GEDEELTE 1) VAN DIE PLAAS WILDEHOENDERKRAAL 296, REGISTRASIE AFDELING H.O, PROVINSIE NOORDWES**

**EN**

**GEREGISTREERDE WATERGEBRUIK MET REGISTRASIE SERTIFIKAAT NOMMER: 25008170 OP GEDEELTE 4 VAN DIE PLAAS UITKYK 342, REGISTRASIE AFDELING H.O, PROVINSIE NOORDWES**

**EN**

**GEREGISTREERDE WATERGEBRUIK MET REGISTRASIE SERTIFIKAAT NOMMER: 25008189 OP GEDEELTE 5 VAN DIE PLAAS UITKYK 342, REGISTRASIE AFDELING H.O, PROVINSIE NOORDWES**

**EN**

**SPILPUNTE EN VERSKEIE LOSBATES WORD APART AANGEBIED.**

Onderhewig aan die volgende veilingreëls:

1. Die eiendom word verkoop sonder enige reserwe, aan die hoogste bieder (hierna genoem die **KOPER**) waar bekragtiging direk na veiling sal geskied onderworpe aan die manier waarop die plase verkoop is..

2. Dit word spesifiek op rekord geplaas dat die aanbiedinge van beide die hoogste bieër en die tweede hoogste bieër sal staan en sal geag word as wettiglik gebonde te wees vir die oorweging en aanvaarding deur die **VERKOPER.** Die besluit insake die aanvaarding van enige aanbod sal in die algehele diskresie wees van die **VERKOPER.**

3. Ingeval 'n geskil ontstaan met betrekking tot 'n aanbod sal die **AFSLAER** die diskresie hê om die eiendom weer op te veil en sy beslissing sal finaal wees.

4. Die **KOPER** sal verantwoordelik wees vir die betaling van heffings en belastings vanaf die datum van besit of okkupasie, en sal nie aanspreeklik wees vir enige agterstallige gelde nie.

5. Die eiendom word Voetstoots verkoop, nóg die **AFSLAER** nóg die **VERKOPER** gee enige waarborge ten opsigte van groottes, sigbare of verborge gebreke, kwaliteit of wettigheid van verbeterings of aktiwiteite wat daarop bedryf word nie, en sal nie aanspreeklik wees vir enige skade voortspruitend daaruit nie.

6. Wyse van betaling:

6.1 **10%** van die volle koopprys as deposito met elektroniese oorbetaling gelyktydig met ondertekening van die Verkoopsvoorwaardes deur die **KOPER**, of soos versoek deur die **AFSLAER**, welke deposito na bekragtiging en aftrekking van kommissie, koste en fooie (indien van toepassing), oorbetaal sal word aan die Transportbesorger se trustrekening.

6.2 Die **KOPER** sal aanspreeklik wees vir die betaling van rente bereken teen **1%** per maand op die balans van die koopprys, vanaf datum van besit en/of okkupasie [welke ookal eerste gebeur] tot datum van registrasie van Transport, welke rente as okkupasiehuur beskou sal word.

6.3 Die balans van die koopprys moet betaal of verseker word by wyse van waarborge wat vir die **VERKOPER** aanvaarbaar sal wees, binne **45 dae**, vanaf datum van bekragtiging, betaalbaar met registrasie van Transport.

6.4 Die **KOPER** sal aanspreeklik wees vir afslaerskommissie van **6%** op die koopprys. (BTW uitgesluit), wat nie ingesluit is in die koopsom nie, en betaalbaar is tesame met die deposito, en is addisioneel tot die deposito.

7. Die **KOPER** sal op aanvraag aanspreeklik wees vir die betaling van BTW wat nie by die koopprys ingesluit is nie, of hereregte, welke ookal van toepassing mag wees.

8. Besit en/of okkupasie van die eiendom sal gegee en geneem word deur die **KOPER** onderhewig aan enige huurkontrakte, verhuring, wettige of onwettige okkupasie, **op datum van registrasie van die eiendom,** of soos andersins onderling skriftelik deur die partye ooreengekom, vanaf welke datum alle risiko, voor- en nadele op die Koper sal oorgaan. Die **VERKOPER** en die **AFSLAER** waarborg nie onverstoorde besit nie.

9. Die bepalings van die volledige verkoopvoorwaardes behels die gehele ooreenkoms tussen die partye en geen wysiging of toevoeging sal bindend wees as dit nie skriftelik aangegaan en deur beide die **KOPER** en **VERKOPER** onderteken is nie.

10. Ter voldoening aan die Bepalings van die Wet op Verbruikersbeskerming sowel as die regulasies daarvan, is dit toelaatbaar en moontlik dat die **VERKOPER** of die **AFSLAER** of `n Persoon namens die **VERKOPER** of die **AFSLAER** bie tot by `n bedrag wat nie die reserwe prys oorskry nie.

11. Hierdie reëls van veiling voldoen aan die bepalings van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008. Sub Artikels (1),(2) en (3) van hierdie artikel bepaal as volg:

*"(1) In hierdie afdeling sluit ''veiling'' in 'n eksekusieveiling oor of ingevolge van 'n hofbevel in sovêrre die bevel dit vooropstel dat die verkoping by wyse van 'n veiling geskied.*

*(2) Wanneer goedere te koop aangebied word by wyse van 'n veiling in lotte, is elke lot geag as 'n aparte transaksie , tensy die teenkant bewys is.*

*(3) 'n Verkoping per veiling is voltooi wanneer die **AFSLAER** dit so aankondig deur die val van die hamer, of in enige ander geskikte wyse, en totdat sodanige aankondiging gemaak word, mag 'n bod teruggetrek word."*